

# DIAKONIE EN DIGITALISERING: SENDINGREKORDS EN GESKIEDENIS IN DIE 21STE EEU

deur

*Hans Heese\**

## *Abstract*

### **Digitising the Diocese: Mission documents and history in the 21st century**

Research on the history of Christian missions and mission stations have for long been neglected in South African historiography. With the advent of the new constitutional dispensation in 1990, and the empowerment of the majority of the population - often those stemming from communities where mission stations played a major role in the development of these groups - individuals and groups now rediscover the importance of local history. Parochial church records play an important role in reconstructing the lives and history of these communities.

Very few mission societies established their own archives and researchers usually have to consult the documents at the various mission stations and churches where the documents are physically kept - often under adverse conditions.

In this article the researcher explains how the latest photographic technology might help historians. The digital capturing of images allows the historian to copy these records in a time- and cost-effective way, without damaging the often fragile documents.

## **Inleiding**

Twintigste eeuse historici het die afgelope vyf dekades en meer hulpmiddels bygekry waarsonder die negentiende eeuse geskiedskrywers moes klaarkom. In die vorige eeu moes alle dokumente met die hand gekopieer word. Dit was 'n duur proses in terme van tyd en arbeid. Suid-Afrikaanse historici, veral diegene wat oor vroeë Kaapse geskiedenis werk, is baie dank verskuldig aan historici soos Theal wat in die vorige eeu in Nederland talle monsterrolle en opgaafrolle in die *Rijksarchief* in Den Haag met die hand gekopieer het en in

---

Dr. Hans Heese is tans senior navorser by die Instituut vir Historiese Navorsing van UWK. Sy mees onlangse publikasie is *Reg en Onreg. Kaapse Regspraak in die Agtiende Eeu*. (Bellville, 1994). Hy is op die oomblik besig met navorsing oor die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Wes-Kaapland.

die die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) gedeponeer het.<sup>1</sup> Aangesien die oorspronklike dokumente gedurende die VOC tydperk na Nederland gestuur was, moes diegene wat die belangrike reeks Kaapse Dokumente persklaar gemaak het - onder andere Anna Böeseken en Con de Wet<sup>2</sup> - ook in Nederland die oorspronklike dokumente raadpleeg om te verseker dat die finale manuskripte fout- en flatervry is.

De Wet en Böeseken het die voordeel van moderne tegnologie in hul guns gehad. Van die Nederlandse dokumente is later op mikrofilm beskikbaar gestel. Hulle kon dus akkurate kopieë van die oorspronklike dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek raadpleeg. Die plaaslike beskikbaarheid van mikrofilm van die oorspronklike Nederlandse dokumente bied ook die geleentheid vir historici en genealoë om die oorskryffoute wat Theal in Nederland begaan het, na te gaan en te verbeter.

Vir talle historici en navorsers was en is mikrofilm - en sy meer moderne uitgawe naamlik mikrofiche- 'n uiters belangrike hulpmiddel. Met steeds stygende drukkostes, is die (nou) algemene gebruik om, behalwe die enkele pligeksemplare, akademiese proefskrifte op mikrofiche te plaas, 'n koste-effektiewe metode om inligting te versprei en toeganklik te maak. Hoewel 'n mikrofiche of mikrofilmleser noodsaaklik is om die dokumente te lees, het mikrofiche die voordeel dat dit in klein-formaat is. Dit weeg lig en kan goedkoper per lugpos gestuur word - veral in die geval van dikwels lywige proefskrifte. Indien 'n harde kopie van 'n proefskrif wel nodig is, kan dit deur middel van 'n mikrofilmleser-drukker in volle- of mikroformaat uitgedruk word.

Anders as wat algemeen aanvaar word, is mikroverfilming nie 'n twintigste eeuse uitvindsel nie. Dit is reeds in 1871 in Parys gebruik. Nadat die Pruisiese leër die stad effektief beleër het, was geen kommunikasie tussen die leërleiding in Parys en die leërenhede buite Parys moontlik nie. Die fotograaf, Rene Dagron, het egter daarin geslaag om boodskappe en dokumente te verfilm en te verklein sodat daar tot 3 000 boodskappe op een negatief van 35 x 65 mm kon pas. Posduiwe wat tot 18 negatiewe kon vervoer was ingespan om hierdie mikrofilm tussen Parys en Tours te vervoer. Nadat die duiwe van hul gasie bevry was, was die negatiewe deur middel

- 
1. Kyk byvoorbeeld die opgaafrol vir die Kaap en distrik vir die jaar 1692 onder J 183 in die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Kaapstad.
  2. Kyk die reeks *Resolusies van die Politieke Raad*, 9 bande, Kaapstad en Pretoria, 1957-1981.

van 'n helder lig teen 'n wit muur geprojekteer terwyl 'n span skrywers die boodskappe op papier neergeskryf het.<sup>3</sup>

Die kommersiële benutting van mikrofilm het eers in 1925 plaasgevind nadat 'n New Yorkse bankier, George Mc Carthy, 'n stelsel ontwerp het om gewisselde tjeks te verfilm; 'n tegniek wat saamgeval het met Kodak se ontwikkeling van die 16 mm rolfilm en kamera. Hierdie formaat, asook 35 mm, word vandag steeds vir die mikroverfilming van dokumente gebruik.

Die eerste belangrike mikrofilmprojek waarby veral historici baat gevind het, was die projek van die Amerikaanse leër toe hulle na afloop van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 alle beskikbare dokumente van die Nazi-party en die Nasionaal-Sosialistiese regering verfilm het. Nog 'n belangrike projek - wat veral vir genealoë van besondere belang is - is die wêreldwye mikroverfilming van genealogiese rekords deur die Mormone, beter bekend as *Church of Jesus Christ of Latter Day Saints* (LDS). Hierdie projek het hulle ná 1945 op grootskaal onderneem. Die films en fiche word onder ideale omstandighede in Salt Lake City bewaar. Fiche (vroeeër mikrofilm) word ook in hulle leeskamers in die vernaamste sentra wêreldwyd aan navorsers beskikbaar gestel. Dit geld ook in Suid-Afrika. Die gebruik van mikrofilme het die belangrike voordeel dat ruimte optimaal benut word. Die LDS leeskamers is inderdaad mini- argiefbewaarplesse wat uit 'n ry mikrofilme lesers bestaan terwyl die mikrofilme self (volgens state georden) in een enkele staalkabinet gehuisves word.<sup>4</sup>

Die volgende belangrike tegnologiese ontwikkeling wat veral vir historici van nut was (en steeds bly), is die fotostaatmasjien wat beeldgetroue weergawes van dokumente lewer en wat - in teenstelling met mikrofilm - dadelik gelees kan word sonder om eers deur die chemiese en fisiese prosesse van ontwikkeling en verwerking te gaan. Die eerste appaarte, wat in 1950 kommersieel bemark is, het wel van ligsensitiewe papier gebruik gemaak. Dit is in die sewentigerjare deur 'n droë proses vervang.<sup>5</sup>

3. [Http://www.sarthe.com/visiter/cult/cultdrag.htm](http://www.sarthe.com/visiter/cult/cultdrag.htm) (Toegang 22.8.1998). Die Franse teks kan na Engels vertaal word deur dit te lees deur die vertaalprogram van Systran wat beskikbaar is op <http://babelfish.altavista.digital.com/cgi-bin/translate?> (Toegang 24.8.1998).
4. Sedert 1995 is die LDS rekords in die Suid-Afrikaanse leeskamers ook op rekenaars toeganklik en mag inligting op diskette oorgeplaas word. Deur die elektroniese databasis te gebruik, in plaas van 'n *fiche* soektog, kan inligting veel vinniger bekom word.
5. Die Amerikaanse firma Xerox het die eerste werkbare fotokopieerders ontwikkel. Vandaar die naam Xerox kopieë wat tot onlangs nog deur die Suid-Afrikaanse Argiefdiens gebruik was.

Die ontwikkeling van persoonlike rekenaars in die sewentigerjare, en veral die skootrekenaar in die tagtigs, het aan die historici 'n mobiliteit gegee wat hulle nie voorheen gehad het nie. 'n Skootrekenaar, gekoppel aan 'n handskandeerder, het 'n mobiele werkstasie geword. Die apparatuur, wat aanvanklik uiters duur was en buite die finansiële bereik van die meeste historici was, het geleidelik goedkoper geword. Terselfdertyd het die werkverrigting van die apparatuur aansienlik toegeneem.

Suid-Afrikaanse studente en historici wat plaaslik navorsing in tegniese goed-toegeruste argiewe gedoen het - waar al die moderne elektroniese en fotografiese hulpmiddels beskikbaar was - het nie probleme ondervind om materiaal moeiteloos te kopieer en dan tuis te verwerk nie. Die politieke realiteite van die voor-1990 Suid-Afrika het egter navorsers soos Werner Schellack, Henry Bredekamp, Ernst Stals en Gerrit Pool aan bande gelê. Hulle het navorsing gedoen oor onderwerpe waar belangrike dokumente en materiaal in die voormalige Duitse Demokratiese Republiek gehuisves was. Dit was letterlik verbode om dokumente selfs te fotokopieer. Net met die grootste moeite en 'n magdom ompaaië kon mikrofilms van dokumente verkry word. Mikrofilm is wel van sommige dokumente gemaak. Dit is dan aan die *Library of Congress* in die VSA voorsien. Dan moes in Amerikaanse Dollars daarvoor betaal word.<sup>6</sup>

Navorsers wat in die sewentiger en tagtigerjare plaaslik argiefnavorsing gedoen het, het op groot skaal dokumente gefotostateer. Met steeds minder geld vir die geesteswetenskappe, en veral die geskiedeniswetenskap, word staatsargiefbewaarplekke asook die ander inrigtings, soos kerke wat oor belangrike dokumentversamelings beskik, verplig om hulself koste-effektief te bestuur. Hierdie faktor, asook die feit dat dokumente wat vroeër vryelik gefotokopieer kon word, maar daardeur so verweer het dat dit nie meer gefotokopieer kan word nie, veroorsaak dat dokumente verfilm moet word voordat dit tot mikrofilm of microfiche omskep kan word - of gewone fotografiese afdrucke gemaak kan word. Hierdie proses is aanvanklik relatief duur wat koste en tyd betref maar word koste-effektief indien afdrucke van die film vermenigvuldig word.

Waar die navorser vroeër sy dokumente self in die argief kon fotokopieer, of dit vir hom deur vakkundiges in die argief gedoen was, moet hy/sy nou weens die vermindering van vakkundiges in die Suid-Afrikaanse argiefdiens soms tot weke wag voordat fotostate of foto's van die relevante dokumente verkry kan word. Gelukkig het die moderne tegnologie weer eens vir 'n nuwe ontwikkeling gesorg - digitale vaslegging van beelde. In kort, hierdie is 'n tegnologiese hulpmiddel wat die historikus kan aanwend om sy navorsing te vergemaklik en bespoedig.

---

6. Persoonlike kommunikasie, H.C. Bredekamp, 1987.

## **Sendingrekords, geskiedskrywing en digitalisering in die nuwe millenium**

Die afgelope aantal dekades is gekenmerk deur intense debatte wat deur historici oor hul dissipline gevoer is. Daar was die standpunte van die tradisionaliste, die liberales, die marxiste en die post-modernistse wat in hul geleedere die aandag geniet het. Hierdie debatte het egter by die deursnee Suid-Afrikaner met 'n historiese sin grootliks verbygegaan. Die gewone deursnee burger se belangstelling in die geskiedenis handel oor die geskiedenis van sy onmiddellike omgewing, sy streek en sy mense - wat insluit die kultuurgroep waartoe hy behoort.<sup>7</sup>

Tot dusver was navorsing oor familiegeskiedenis hoofsaaklik 'n blanke-aangeleentheid. Dit was veral die Afrikaners, en by uitstek lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat bevoorreg was om in sentrale kerkargiefbewaarplesse feitlik volledige registers te vind waar hulle met min moeite navorsing kon doen en hulle familiegeskiedenis navors. Ook bestaan daar omvattende, gepubliseerde geslagsregisters waarin die meeste Afrikanerfamilies in stamlyste opgeneem is.<sup>8</sup> Voorts het bekende Afrikanerhistorici hulle wetenskaplike spore verwerf deur die skryf van gemeentegeskiedenis of streeksgeskiedenis - gebaseer op gemeenterekords.

Ander kultuurgroepe, soos byvoorbeeld die bruin samelewing, vind dit egter nie so maklik om hulle geskiedenis na te vors nie omdat daar relatief min slawe of Khoisan voor die middel van die 19de eeu by kerkgenootskappe aangesluit het. Daar is dus 'n groot gebrek aan uitgebreide doop-, trou- en sterfteregisters vir hulle. Voorts kon slawe ook nie trou nie omdat hulle geen wetlike kontrakte of ooreenkomste durf sluit het nie. Boonop bestaan daar ook geen sentrale kerkargiewe waar nakomelinge van slawe en Khoikhoi - kerngroepe van vandag se bruin samelewing - inligting oor hulle familiegeskiedenis kan bekom nie. Die meeste dokumente is wyd versprei oor die land op voormalige sendingstasies waar die spreekwoordelike mot en roes dikwels die dokumente wat die eeu(-e) oorleef het, reeds verniel het.

Tot onlangs was daar vanuit die geleedere van die bruin samelewing min navorsers wat hulle wortels en ontstaansgeskiedenis nagevors het. Die

---

Kyk die lesing van T. Cubbin, "The opportunity of local history in rehabilitating the relevance of History in our emerging society" waarin hy 'n pleidooi vir plaaslike- en streeksgeskiedenis lewer; Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap, Universiteit van die Noorde, 30 Junie 1998.

8. Kyk *Geslacht-register der oude Kaapsche Familiën* van C.C. de Villiers wat vanaf 1893 tot 1895 in drie dele verskyn het. Daarna het verskyn die hersiene uitgawe *Geslagsregisters van ou Kaapse Families* van C. Pama in 1966 en die jongste reeks van J.A. Heese en R.T.J. Lombard se *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* in 1986.

politieke omwenteling in Suid-Afrika ná 1990 het egter 'n keerpunt gebring. Die Nasionale Party het tussen 1948 en 1990 doelbewus gepoog om 'n bruin identiteit of bewussyn te skep - na analogie van blanke identiteit - wat veral by die Afrikaners sterk teenwoordig was. Hierdie pogings was grootliks onsuksesvol omdat die intellektuele groep binne die bruin samelewing hierteen gerebelleer het en verkies het om eerder 'n swart identiteit aan te neem. Ná 1990, maar veral ná 1994, het daar egter 'n bewuswording van groepidentiteit by die bruin samelewing ontstaan toe die begrip van 'n Suid-Afrikaanse reënboognasie beslag gekry het. Iewers moes die bruin bevolking ook 'n plek vind tussen die veelkleurigheid van die nuwe samelewing. Met die nuwe millenium in sig, sal hierdie aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis - wat grootliks verwaarloos is - waarskynlik in belangrikheid toeneem. Dit geld ook vir sendinggeskiedenis, wat onlosmaaklik verbind is met bruin of Khoisan of Griekwa of slawegeskiedenis.

Gedurende 1996 was daar juis 'n bewuswording van die slawe-aspek van bruin-identiteit by Kapenaars. Dit het in die vorm van die Eerste Desember Beweging (na aanleiding van die datum van die vrystelling van slawe in 1838) onder leiding van Philip Bam gestalte gekry. Van groter belang was die internasionale konferensie oor Khoisan kultuur en identiteit wat deur Professor Henry Bredekamp van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die Suid-Afrikaanse Museum gereël is en gedurende Julie 1997 in Kaapstad plaasgevind het.<sup>9</sup> Tydens - en ná afloop van die konferensie - het talle konferensiegangers die wens uitgespreek dat hulle hul wortels wil navors en die geskiedenis van hulle onderskeie gemeenskappe te boek wil stel. Die opstel van familiegeskiedenis is hierby inbegrepe.

'n Direkte uitloei van versoeke deur Griekwas en ander verwante groepe is dat die Instituut vir Historiese Navorsing (IHN) van UWK na afloop van die konferensie 'n gekoördineerde aksie geloods het om bronne wat op die vroeë geskiedenis van individue en groepe van gedeelde Khoisan en slawe oorsprong, in te samel. 'n Belangrike aspek van hierdie projek is die mikroverfilming van doop- en huweliksregisters van die verskeie sendinggenootskappe wat in Wes-Kaapland en Namakwaland werksaam was. Dit was 'n projek wat toevallig reeds in 1994 'n aanvang geneem het met die mikroverfilming van Lutherse en Anglikaanse rekords van die Klein-Karoo en die Weskus gemeentes, as deel van 'n streeksgeskiedenisprogram. Van die

---

9. 'n Verslag oor die konferensie waarin die debatte en voorlesings opgeneem is, is gepubliseer deur S. Bank (red.) in *Khoisan Identities and Cultural Heritage Conference*, (Kaapstad, 1998).

Lutherse rekords is intussen op rekenaar geplaas en kan op die IHN se elektroniese databasis geraadpleeg word.<sup>10</sup>

Tot tyd en wyl die IHN-mikrofilmprojek afgehandel is - wat 'n paar jaar kan duur - sal navorsers die bronne wat op Khoisan/slawe herkoms betrekking het in die individuele gemeentes moet raadpleeg. Hierdie gemeentes is dikwels op afgeleë plekke - soos onder andere die Rietfontein en Mier gemeenskappe - en maak individuele navorsing duur in terme van afstand.

Die navorser wat kerklike registers of dokumente op Rietfontein wil benut, kan besluit of hy die inligting met die hand wil kopieer of sy eie mikrofilm met 'n 35 mm enkellens-reflekskamera wil skep. Fotostatering is buite die kwessie vanweë die fisiese grootte van die oorspronklike dokumente en/of die broosheid van die papier.

Die fenomenale ontwikkeling van rekenaars en digitale kameras het egter nuwe hulpmiddels tot die beskikking van historici - en navorsers in die algemeen - gestel. Met behulp van 'n skootrekenaar en 'n digitale kamera kan daar op die mees afgeleë plekke - ook waar geen 220 volt elektriese stroom beskikbaar is nie - gegewens op die rekenaar ingesleutel word. Oorspronklike dokumente of foto's kan dan digitaal gefotografeer en vasgelê word. 'n Uitdruk wat in grootte en voorkoms met die oorspronklike dokument ooreenstem, kan gemaak word. Hierdie digitale beelde kan dan later direk in 'n artikel ingetrek word. Dit kan gedoen word deur van selfs die mees eenvoudige woordverwerkingsprogramme gebruik te maak. Voorts het dokumente, illustrasies of artikels wat op hierdie wyse gegenereer is, die voordeel dat hulle met elektroniese pos wêreldwyd versend kan word. 'n Alternatiewe metode is om die dokumente met 'n videokamera te fotografeer.

Om die nut en benuttingswyse van die digitale kamera vir navorsing te illustreer, word daar gekyk na dokumente wat die lewensloop van een van die pionier inheemse sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) in Suid-Afrika, Klaas Koen, illustreer. Hierdie beelde is met 'n digitale kamera vasgelê.

### **Klaas Koen deur die lens van 'n digitale kamera**

Danksy die talle sketse wat die talentvolle Direkteur van die BSG, Theodor Wangemann, tydens sy reis deur Suid-Afrika in 1866-1867 gemaak het, is dit moontlik om 'n beeld van Klaas Koen te bekom - 'n jong seun van gemengde afkoms van die Langkloof wat 'n besondere indruk op die besoekende

---

10. Die Doop- en Trouerekords van die gemeente Riversdale, die Doop- en Sterfteregisters van Amalienstein en die Doopregister van Ladismith. Hierdie rekords kan deur middel van elektroniese pos vanaf die IHN verkry word. Navrae by: [hheese@uwc.ac.za](mailto:hheese@uwc.ac.za) of besoek die IHN se tuisblad by: [http://www.uwc.ac.za/a\\_ihr/index.htm](http://www.uwc.ac.za/a_ihr/index.htm) (Toegang 27.8.1998).

direkteur gelaat het. Klaas Koen sou later in Duitsland sy skoolopleiding voltooi en die volledige sendingkursus in Berlyn deurloop om as 'n geordende sendeling van die BSG na Suid-Afrika terug te keer.

Klaas Koen was die seun van Piet Koen, een van die staatmaker kerkraadslede van die Lutherse sendinggemeente Anhalt-Schmidt (by Haarlem) in die Langkloof. Die gemeente is in 1860 deur eerwaarde Prietsch gestig nadat die Berlynse Sendinggenootskap die werk van eerwaarde Hood van die Independentente gemeente op Hopedale (Uniondale) oorgeneem het.

Gedurende November 1866 het die BSG in die Kaapkolonie sy sinodesitting op Haarlem gehou en het die direkteur Wangemann meer as twee weke op die sendingstasie in die Langkloof deurgebring. Dit het hom in staat gestel om die pastorie, skool en die landskap te skets. Hy het ook individue en groepe geskets.



**Illus. 1: Klaas Koen. (Bron: Fotografiese versameling, Berlynse Sendingargief.)**

Die Haarlem sketse van Wangemann is van besondere belang vir Kaapse historici en genealoë. Benewens die skets van die onderwyser Theophilus Groenewald - wat later 'n leiersfiguur in onderwyskringe sou word - het hy ook 'n skets gemaak waarin die jong seun Klaas Koen en sy suster, Christina, afgebeeld is. Hierdie skets het baie gemeen met die sketse wat hy kort tevore op Amalienstein gemaak het en waarin hy waarskynlik gepoog het om die rasse- verskeidenheid wat daar tussen die lidmate van die BSG in die destydse Kaapkolonie bestaan het, uit te lig en te beklemtoon.



Klaas Koen se lewensgeskiedenis is reeds gedeeltelik gedokumenteer<sup>11</sup> en word tans intensief nagevors deur die Berlynse historikus, Ulrich van der Heyden.



Illus. 2: Skets deur Direkteur Wangemann gemaak op Haarlem, 1866, waarin onder andere Klaas Koen en sy suster uitgebeeld word.

Wangemann se skets van Klaas Koen en sy suster toon dat hierdie familie - ondanks hulle slaweherkoms - ongetwyfeld ook blankes onder hulle voorsate het.<sup>12</sup> In hierdie skets is daar dan ook sterk ooreenkomste met die een wat hy op Amalienstein gemaak het en waarin Louisa Nieuwkerk as "blanke"

11. D.W. van der Merwe: "Niklaas Theunissen Koen, 1852-1883 - Lewenskets van 'n pioniersending onder die Bavenda", *Kleio*, Deel IX, 1&2, Junie 1977, pp.22-30. Van der Merwe het waarskynlik nie die brosjure van S. Schmidt, *Klaas Kuhn, ein Missionar aus den Hottentotten*, (Berlyn, g.d.) onder oë gehad nie en het hoofsaaklik van primêre dokumente gebruik gemaak. Dit is duidelik dat J.A. Heese en L. Zöllner die inhoud van Van der Merwe se artikel net so oorgeneem het in hul genealogiese werk *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, (Pretoria, 1984), pp. 198-199, 225-226.
12. Niklaas Theunissen Koen is 'n direkte nasaat van die Koen stamvader uit Duitsland - Johannes Casparus Koen van Rosekem - wat in 1741 na die Kaap gekom het. Sy moeder was Christina Catharina Leeu of Leen (ook genoem De Laine), sy Koen ouma was Betje Oosthuizen (van die Kaap) en sy Koen oomgrootjie Maria Geertruy Beyers. Kyk J.A. Heese en R.T.J. Lombard *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, J-K*, pp. 389-390, 394, asook KAB: Sterftেকennisse, MOOC 6/9/101.

voorkom. Hierdie voorstelling van die verskillende fenotipes binne die "bruin" samelewing klop met die etnografiese beskrywings van die Berlyne sendelinge waarin die Khoisan, slawe en blanke komponente van die inwoners beklemtoon word.


In die argief van die Berliner Missionswerk (BMW) in Berlyn bestaan verskeie dokumente van en oor Klaas Koen. Hierdie dokumente is egter op so 'n wyse ingebind - groot- en kleinformaat dokumente saam, en reeds in so 'n stadium van verwaarlosing - dat as hulle gefotokopieer of geskandeer word, die kans goed is dat alles sal verkrummel. Die alternatief is om dit met 'n 35mm enkellens reflekskamera te verfilm of om te wag dat die hele argiefinhoud professioneel mikroverfilm word - wat reeds met die Rynse Sendingargief in Barmen gedoen is. Weens 'n gebrek aan fondse is die professionele mikroverfilming van die Berlyne dokumente vir eers op die langebaan geskuif.

Tydens my navorsing in Berlyn vanaf Augustus tot November 1997, het daar 'n relatief goedkoop digitale kamera met 'n goeie aanpasbare lensstelsel op die Europese mark verskyn.<sup>13</sup> Anders as bestaande digitale kameras, word daar in hierdie tipe 'n normale 1,44 mb disket gebruik en is dit nie nodig om die kamera aan 'n gesofistikeerde skootrekenaar te koppel om die beelde af te laai nie. Hierdie kamera was die antwoord om dokumente te fotografeer wat nie gefotostateer of op 'n A4-grootte skandeerder ingelees kan word nie. Na 'n eksperimentele toetsessie in die fotografiese winkel, en nadat die bibliotekaresse/argivaris van die tydelike argiefbewaarplek van die BSG-dokumente in Zehlendorf, Frau Golz, toegestem het dat die dokumente met die digitale kamera vasgelê kon word, het ek die apparaat aangeskaf. Met die kamera kon in enkele weke meer as 2 000 beelde digitaal vasgelê word. Daaronder was verskeie digitale beelde wat op Klaas Koen betrekking het.

Die gehalte van die digitale beelde wat in Berlyn vasgelê is, wissel van uitstekend tot swak of feitlik onleesbaar. Dit hang natuurlik alles af van die fisiese grootte van die oorspronklike dokumente en die duidelikheid van veral die handskrifte. Deur verwerking van die opnames met behulp van die talle sagteware programme, is dit egter moontlik om die voorkoms of leesbaarheid daarvan te verbeter. Indien in ag geneem word dat die meeste van die

- 
13. Sony Mavica MVC-FD7 met 10x zoemlens met 640x480 resolusie. Omgerek in terme van normale 35 mm stilbeeldkameras beskik die MVC-FD7 oor 'n 40-400 mm zoemlens. Tussen 30-40 beelde kan op een 1,44 mb disket vasgelê word indien die standaard instelling gebruik word. Terselfdertyd het Olympus se D-320L met 1024x768 resolusie teen dieselfde prys op die mark verskyn. Die beelde moet egter op 'n hoë kapasiteit rekenaar afgelaai word sodra die kamera se geheue versadig is. Vir die jongste pryse en tegnologiese ontwikkelinge, kyk <http://beachcamera.com> (Toegang 24.7.1998).

dokumente in Duitse Sütterlin skrif is - wat op sig self moeilik is om te lees - is die digitale beelde duidelik leesbare kopieë. Met inageneming van die (tans) lae waarde van die Suid-Afrikaanse Rand teenoor die Duitse Mark, was dit lonend om 'n digitale kamera aan te koop en digitale rekords te skep. Daar moet ook in ag geneem word dat diskette herhaaldelik gebruik kan word terwyl fotostate - wat ook net van sommige dokumente gemaak sou kon word - reeds ten minste R 3 per A4 grootte sou uitwerk. Die dokumente wat op so 'n wyse ingebind is dat dit nie gefotostateer kan word nie, sou in elk geval met die hand gekopieer moes word - hetsy direk in die skootrekenaar of op kaartjies. Die alternatief was gewone fotografiese metodes wat nog duurder sou uitwerk as fotokopieë. Terselfdertyd is die 120 mb disketaandrywer en diskette ook in Berlyn bekendgestel. Gevolglik kon al die digitale beelde op 'n enkele disket - die uiterlike grootte van 'n normale 1,44 mb disket - oorgedra word.



**Illus. 3: Dokument in tikskrif in die Berlyne Sendingargief oor die lewe van Klaas Koen, Outeur onbekend, Koen Akte.**


Benewens die beelde of dokumente wat met digitale kameras geneem word - en wat dan op 'n skootrekenaar oorgedra moet word, kan beelde ook deur middel van 'n standaard video kamera opgeneem word.<sup>14</sup> In die geval waar videokameras wat nie oor 'n stil of enkel-opname funksie beskik nie (enkele opnames van ongeveer een sekonde elk), kan daar op 'n dokument gefokus word vir sowat vyf sekondes per opname. Hierdie opnames kan dan later op

---

Hierdie metode word reeds geruime tyd gebruik deur die firma *Video Ads* van die Strand. Inligting deur mnr Gavin Abbeelen.

'n normale rekenaar deur middel van 'n videokartaat gelees word en vasgevang word deur middel van 'n sagtewareprogram soos Adobe. Hierdie is egter 'n omweg en veel meer omslagtig as die gebruik van die normale 1,44 disket wat ongeveer 30-40 beelde teen ongeveer 70 dpi (*dots per inch*) vaslê. Die standaard videokamera lê egter beelde vas teen ongeveer 300 dpi. Die resoluusie is dus hoër as die kamera wat 1,44 mb diskette benut. Die videokamera wat oor 'n enkel-opname funksie beskik, het egter die voordeel dat letterlik duisend beelde op 'n mikrokasset vasgelê kan word.

Tans het bekostigbare digitale kameras slegs 'n beperkte resoluusievermoë met die gevolg dat 'n dokument wat groter as A5-formaat is, nie maklik gelees kan word nie. Indien dokumente groter as A5 formaat is, moet die dokument in ruitverwysings verdeel word en daarvolgens gefotografeer word.




Illus. 4: Eerwarde Prietsch se opmerking oor Klaas se pa, Piet, se opmerkings oor sy 'dom' seun, Berlynse Sendingargief, Koen Akte.

Klaas Koen se foto, berigte en briewe in sy eie handskrif en die berigte wat oor hom in Berlyn verskyn het, het nou 'n digitale gestalte gekry. So ook die handgeskrewe berigte oor hom deur die sendeling Prietsch. Enkele van die digitale beelde wat in November 1997 in Berlyn vasgelê is, word ter illustrasie in hierdie artikel weergegee. Dit moet egter in ag geneem word dat hierdie digitale beelde *nie* met behulp van sagteware programme verbeter is

nie en dat die beelde - anders as wat dit in gedrukte vorm in die illustrasies voorkom - duidelik op 'n rekenaarmonitor leesbaar is.<sup>15</sup>

### Digitale beelde, mikrofilm en papier

Die verskillende maniere waarop dokumente bewaar kan word - en ook meer toeganklik vir navorsers kan wees - bied voortdurend nuwe uitdagings aan instansies wat waardevolle dokumente huisves. Met die tegnologiese ontwikkelings wat teen 'n ongelooflike tempo toeneem - en wat van vandag se spits-tegnologie môre se geskiedenis maak - is dit moeilik om te voorspel presies wat die historikus se gereedskap in die volgende millennium sal wees. Wat egter seker is, is dat digitale beelde 'n steeds belangriker rol sal speel in praktiese navorsing en die publisering van navorsingsresultate.<sup>16</sup>



Illus. 5: Dokument in Klaas Koen se handskrif, Noord Transvaal, gedateer 1876, Berlyne Sendingargief. Koen Akte.

---

Die digitale beelde wat in hierdie artikel verskyn, kan per elektroniese pos aangevra en versend word. Dieselfde geld vir 'n indeks van die 2 223 digitale beelde wat in Berlyn gegenereer is. Navraag by [hheese@iafrica.com](mailto:hheese@iafrica.com).

16. Op die huidige stadium kan digitale beelde nie die gehalte van mikrofilm ewenaar nie; 'n laser printer druk normaalweg 300-600 stippels per duim "picsels" uit, optimaal 1200. Dit skiet ver te kort by bromide film wat 40 000 stippels per duim hanteer.

Op die oomblik oorheers die snel-groeiende internet en sy gerieflike elektroniese posgeriewe die akademiese toneel. Dit is nou moontlik om die omvattende fotoversameling van die Baselse Sendinggenootskap in Switserland op CD-ROM te bekom. Indien 'n navorser oor genoeg rekenaargeheue en 'n vinnige modem beskik, asook toegang het tot 'n diensverskaffer, kan foto's van hoë kwaliteit deur die internet afgelaai word.

Die firma Herrmann & Kraemer<sup>17</sup> van Garmisch-Partenkirchen is een van die toonaangewende Europese firma's wat in mikrofilmtegnologie en die digitalisering van dokumente spesialiseer. Hulle was verantwoordelik vir die digitalisering van die Baselse fotoversameling. Die firma het ook die normale mikroverfilming van die dokumente van die *Bundesarchiv* in Koblenz gedoen asook die verfilming van die Verenigde Evangeliese Sending (Rynse Genootskap) in Wuppertal (Barmen) onderneem. Voorts het Herrmann & Kraemer ook die mikroverfilming van Mercedes-Benz AG<sup>18</sup> in Stuttgart gedoen en van die foto's en brosjures in digitale vorm verwerk.

Soos te wagte is die Verenigde State van Amerika (VSA) op die voorpunt van die tegnologiese revolusie wat digitalisering betref. Daar is, met die hulp van die firma IBM, 'n Nasionale Digitale Biblioteek tot stand gebring wat deur skoliere en studente deur internet bereik kan word. Voorts is IBM ook besig met die digitalisering van die amptelike biblioteek van die Vatikaan waar manuskripte nou ook deur middel van die internet afgelaai kan word.<sup>19</sup> Van hierdie manuskripte, wat uit die vyftiende eeu dateer, kan afgelaai word maar is van 'n watermerk voorsien sodat kopiereg nie geskend kan word nie.

Behalwe die nutswaarde van digitale beelde wat tuis op 'n gewone rekenaar gelees kan word - en waarvoor daar dus nie 'n aparte mikrofilm- of ficheleser nodig is nie,<sup>20</sup> bied digitale beelde ook vir die Geskiedenisdosent nuwe uitdagings. In Geskiedenisonderrig sal die rekenaar en digitale beelde 'n steeds groter rol speel en Harriet Deacon van die Universiteit van Kaapstad se Multimedia Education Group het 'n interaktiewe rekenaarprogram rondom

---

17. Kyk <http://www.hk-gap.de/hken.htm> (Toegang 21.8.1998).

18. Op die demonstrasie CD-ROM van die Herrmann & Kraemer in 'n volkleurfoto van 'n Mercedes-Benz uit die dertigerjare uitgebeeld. Die resolusie van hierdie digitale beeld is in alle opsigte vergelykbaar met hoë-resolusie kleurfilm. Ongelukkig is die grootte van hierdie beeld meer as 3 mb sodat dit nie op 'n gewone 1,44 mb disket afgelaai kan word nie.

19. <http://www.software.ibm.co/is/dig-lib/manuscript.htm> (Toegang Junie 1997, op 24.8.1998 ontoeganklik).

20. Apparaat om mikrofilm, fiche en kleurskuieties tot digitale beelde te omskep, is reeds beskikbaar. Die beeld word teen 2700 dpi ingelees.

slawerny ontwikkel wat op die teks van 'n hofuitspraak uit die agtiende eeu gebaseer is.<sup>21</sup>

### Slot

Historici het tans, danksy tegnologiese ontwikkelings, talle maniere om inligting te onttrek, vas te lê en te bewaar. Hieronder tel die skandering van dokumente deur middel van 'n skandeerder, digitale fotografie, normale verfilming en mikroverfilming asook die eeue-oue beproefde wyse van die oorskryf van dokumente op papier. Die omstandighede, plek en tipe van dokument sal in die toekoms bepaal watter metode gevolg word. Uit praktiese ervaring blyk dit egter dat die digitale kamera 'n handige navorsingsapparaat vir historici kan wees. Dit is veral so omdat die beelde deur middel van eenvoudige sagteware-programme verbeter kan word. Selfs gewone woordverwerking-programme kan gebruik word om die gegewens in 'n dokument in te trek en te verwerk. Die digitale beelde en inligting het egter die eienskap dat wanneer dit aan magnete of magneetvelde blootgestel word, alle inligting verlore kan gaan. Alle inligting moet gevolglik gedupliseer en vir sekerheidsdoeleindes veilig bewaar word.

Digitalisering is op hierdie stadium egter nie die alfa en die omega wat betref die berging en beskikbaarstelling van dokumente nie. Volgens 'n inligtingstuk van Herrmann & Kraemer is die veilige bewaringstyd van magneetband, 1,44 mb diskette, optiese diskette en CD-ROM's tussen 10 tot 30 jaar; diazo (mikrofilm) 100 jaar; goeie papier wat suur bevat 200 jaar; spesiale film soos Ilfochrome Micrographic 400 jaar, en laaste, maar nie die minste nie, perkament. Hierdie oeroue skryfmedium se veilige lewe word bereken op 1000 jaar en behoort selfs die volgende millenium te oorleef.<sup>22</sup>

### Opsomming

#### Diakonie en Digitalisering: Sendingrekords en Geskiedenis in die 21ste eeu

Navorsing op die terrein van die Christelike sending en sendingstasies was vir 'n lang tyd verwaarloos in die Suid-Afrikaanse gerskiedskrywing. Kerklike rekords en dokumente is selde deur historici in Suid-Afrika benut. Met die konstitusionele verandering wat in 1990

---

Harriet Deacon se artikel "Using Computer Technology in History Teaching" sal binnekort in die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* verskyn. Inligting oor die Iseseko naslaan- en navorsingsprojek kan verkry word by <http://uct.ac.za/depts/meg/> (Toegang 24.8.1998).

22. Inligting uit die Herrmann & Kraemer inligtingstuk wat aanhaal uit *Bestandserhaltung in Archiven und Bibliotheken* (Hartmut Weber, 1992).

tot stand gekom het, en die bemagting van die meerderheid van die bevolking - wat dikwels rondom sendingstasies ontwikkel en gegroei het - is daar by talle individue en groepe 'n nuwe belangstelling in plaaslike geskiedenis. Gemeentelike rekords is onontbeerlik vir die rekonstruksie van die verlede van hierdie gemeenskappe.

Slegs enkele sendinggenootskappe se dokumente word in sentrale argiefbewaarplekke bewaar en navorsers moet gewoonlik die - dikwels gehawende - dokumente op afgeleë sendingstasies raadpleeg.

In hierdie artikel verduidelik die navorsers hoe die jongste fotografiese tegnologie vir historici van waarde mag wees. Die digitale vaslegging van dokumente stel die historikus in staat om hierdie materiaal op 'n tyd- en koste-effektiewe wyse te kopieer sonder om die dikwels brose dokumente te beskadig.